# HOOFSTUK 6
# TOEPASSING VAN DIE INTERVENSIEPROGRAM OP DRIE MIDDELKINDERJARE-KINDERS WAT SEKSUEEL MISBRUIK IS

## 6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die intervensieprogram uiteengesit. Die intervensieprogram kan omskryf word as die operasionalisering van die intervensiemodel in die praktyk. Hierdie program is ontwerp om aansluiting te vind by die spesifieke behoeftes van die kinderhuiskind. Die toepassing van die intervensieprogram hou verband met Fase 5 soos deur Rothman en Thomas (1994:28) geïdentifiseer (Sien Hoofstuk 1). Die intervensieprogram wat tydens die voorondersoek toegepas is, word verfyn. In hierdie hoofstuk word die verfynde weergawe weergegee.

Die doel en doelwitte wat ten opsigte van terapeutiese hulpverlening aan die kinderhuiskind nagestreef word, word bespreek. 'n Gedetailleerde beskrywing van die uitvoering van elke terapiesessie word verder gebied. Die drie kinders wat in hierdie navorsing as respondente gebruik is, toon sekere ooreenkomste wat meebring dat die komponente waaruit die terapie bestaan, ooreenstem. Die uniekheid van elke kind en sy situasie bring egter mee dat geen terapiesessie presies dieselfde verloop nie.

Die algemene en trauma-assesserings wat tydens die aanvangsvase van die terapie gedoen word, word nie gedetailleerd omskryf nie aangesien dit nie die doel van hierdie studie is nie. Die beskrywing van die algemene assessering kan in Potgieter (1993:73-94) gevind word en die trauma-assessering in Potgieter (1996:203-217). Daar word wel in ag geneem dat assessering deurgaans geskied.

Die verloop van die intervensie behels dat daar tydens sessie een 'n algemene assessering op die kind gedoen word. Hierna vind 'n verdere assessering plaas met die doel om die impak van die trauma op die kind te

bepaal. Tydens sessie drie word die doel van die terapie aan die kind verduidelik en vind beplanning en kontraksluiting plaas. In die daaropvolgende sessies word daar onder andere gefokus op die verskillende vorme van seksuele misbruik, die veiligheid van die kind, die kind se gevoelens jeens die oortreder, emosies, die kind se belewenis van die seksuele misbruik, woede, geheime, vertroulikheid, liggaamsgrense en seksualiteit.

## 6.2 DOEL VAN DIE INTERVENSIEPROGRAM

Die doel wat nagestreef word tydens korttermyn, gefokusde intervensie is om die kinderhuiskind wat seksueel misbruik is, te help met die verwerking van die trauma wat deur die seksuele misbruik teweeg gebring is (Hartman & Burgess, 1993:49). In hierdie ondersoek word doelbereiking geëvalueer aan die hand van die verandering wat plaasvind ten opsigte van die kind se algemene tevredenheid, selfpersepsie, verhoudings en angstigheid. Gebasseer op die Kinderfunksionering Inventaris (Junior Primêr), soos opgestel deur die Perspektief Opleidingskollege (1992), kan die veranderlikes soos volg beskryf word:

### 6.2.1 Algemene tevredenheid

Algemene tevredenheid kan ook as optimale positiewe funksionering beskryf word en hou verband met die mate waarin die kind sy omstandighede positief beleef, uitdagings konstruktief hanteer, beloning uit die lewe verkry en geleenhede positief benut. In hierdie ondersoek word van die veronderstelling af uitgegaan dat die respondente se algemene tevredenheid sal toeneem na mate die vrees wat met die seksuele misbruik geasossieer word, afneem.

### 6.2.2 Selfpersepsie

Selfpersepsie of selfkonsep hou verband met die kind se siening van homself (Thom, *et al.* 1998:437). Die kind se selfpersepsie word ook geëvalueer aan

die hand van sy beoordeling van sy bekwaamheid en vaardigheid (Coopersmith, 1967:3). Tydens die middelkinderjare beoordeel die kind homself veral op grond van sy interne en sosiale karakteristieke (Santrock, 1996:380).

### 6.2.3 Verhoudings

Verhoudings hou verband met die mate waarin die kind verhoudings positief beleef, betekenisvolle mense vertrou en tevredenheid uit sy interaksie met mense put. Tydens intervensie word daar gefokus op die kind se verhouding met die terapeut, sy portuurgroep, huismoeder of maatskaplike werker en kinderhuis-kinders.

### 6.2.4 Angstigheid

Angstigheid, of die afwesigheid daarvan, word gemeet aan die hand van die kind se innerlike sekuriteit asook die sekuriteit wat hy in sy verhoudings beleef. Die mate waarin die kind sy herinneringe aangaande die seksuele misbruik kan konfronteer en bespreek sonder om uitermatige angstigheid, skok en vrees te ervaar, is aanduidend van die kind se innerlike sekuriteit. Die afwesigheid van angstigheid dui daarop dat die kind nie bedreig voel deur sy omstandighede nie en nie die toekoms, mislukking of verwerping vrees nie.

## 6.3 DOELWITTE VAN DIE INTERVENSIEPROGRAM

Ten einde die kind se angstigheid te laat afneem asook om positiewe groei daar te stel met betrekking tot sy tevredenheid, selfpersepsie en verhoudings is die volgende aksies uitgevoer. Hierdie aksies het betrekking op die kind en kan ook as doelwitte beskryf word:

- Die herbelewing van gedagtes, gevoelens en beelde wat met die trauma verband hou.
- Die verbalisering en prosessering van gedagtes, gevoelens en beelde wat met die trauma verband hou.

- Die klarifisering van foutiewe oortuigings en die vervanging daarvan met korrekte inligting.
- Die vervanging van negatiewe en bedreigende beelde met positiewe, opbouende beelde.
- Die aanleer van vaardighede wat die kind in staat kan stel om homself teen verdere seksuele misbruik te beskerm. Die kind moet ook sy ondersteuningsisteem identifiseer en leer hoe om van hierdie persone gebruik te maak.
- Die aanleer en toepassing van ontspanningstegnieke.
- Die aanleer van vaardighede om emosies te hanteer en te reguleer.
- Die kind verstaan dat seks en seksuele misbruik verskillend is.

Die doelwitte wat ten opsigte van die ondersteuner, hetsy die huismoeder of maatskaplike werker nagestreef word, behels die volgende:

- Die ondersteuner beskik oor die vermoë om die kind aan te moedig en te ondersteun ten opsigte van die terapie. Hierdie gedrag word daargestel deurdat die ondersteuner ingelig word aangaande die verloop van die terapie en die kind se vordering.
- Die ondersteuner gee positiewe aandag aan die kind deur deelname aan gesamentlike aktiwiteite.
- Die ondersteuner speel 'n positiewe rol ten opsigte van die kind se selfkonsepontwikkeling deur erkenning vir positiewe gedrag te gee.

## 6.4 TOEPASSING VAN DIE INTERVENSIEPROGRAM

'n Skematiese uiteensetting van die wyse waarop die komponente van die intervensiemodel in die intervensieprogram vergestalting vind, word in Figuur 4 gebied. Hierna volg 'n omskrywing van die onderskeie sessies van die intervensieprogram.

## 6.4.1 Figuur 4: Operasionalisering van die intervensiemodel

| OPERASIONALISERING VAN DIE INTERVENSIEMODEL | |
|---|---|
| **Komponente van die intervensiemodel** | **Toepassing tydens die intervensieprogram** |
| Omvattende assessering | 6.4.2 SESSIE 1: ALGEMENE ASSESSERING<br>6.4.3 SESSIE 2: TRAUMA-ASSESSERING |
| Die ontwikkeling van vaardighede | |
| • Emosionele vaardighede | 6.4.8 SESSIE 7: EMOSIES<br>6.4.11 SESSIE 10: WOEDE |
| • Selfhandhawingstrategieë | Vind deurgaans plaas.<br>6.4.6 SESSIE 5: EK IS VEILIG<br>6.4.7 SESSIE 6 DIE OORTREDER<br>6.4.12 SESSIE 11: MY LIGGAAM IS SPESIAAL |
| • Ontspanningstegnieke | 6.4.5 HUISWERK SESSIE 4 |
| Geleidelike blootstelling aan herinneringe | 6.4.5 SESSIE 4: WAT IS SEKSUELE MISBRUIK?<br>6.4.6 SESSIE 5: EK IS VEILIG<br>6.4.7 SESSIE 6: DIE OORTREDER<br>6.4.8 SESSIE 7: EMOSIES<br>6.4.9 SESSIE 8: PLYSTERS PLAK<br>6.4.10 SESSIE 9: HERBELEWENIS IN 'N MAGSPOSISIE<br>6.4.11 SESSIE 10: WOEDE |
| Kognitiewe en emosionele prosessering van die trauma | Deurgaans, maar veral tydens die volgende sessies<br>6.4.5 SESSIE 4: WAT IS SEKSUELE MISBRUIK?<br>6.4.6 SESSIE 5: EK IS VEILIG<br>6.4.7 SESSIE 6: DIE OORTREDER<br>6.4.8 SESSIE 7: EMOSIES<br>6.4.9 SESSIE 8: PLYSTERS PLAK<br>6.4.10 SESSIE 9: HERBELEWENIS IN 'N MAGSPOSISIE<br>6.4.11 SESSIE 10: WOEDE |

| | |
|---|---|
| Onderrig aangaande seksuele misbruik | 6.4.5 SESSIE 4: WAT IS SEKSUELE MISBRUIK?<br>6.4.7 SESSIE 6: DIE OORTREDER |
| Onderrig aangaande gesonde seksualiteit | 6.4.14 SESSIE 13: SEKSUALITEIT EN AFSLUITING |
| Onderrig aangaande persoonlike veiligheid | |
| • Liggaamseienaarskap | 6.4.12 SESSIE 11: MY LIGGAAM IS SPESIAAL |
| • Aanrakingskontinuum | 6.4.13 SESSIE 12: GEHEIME |
| • Die reg om "nee" te sê | 6.4.13 SESSIE 12: GEHEIME |
| • Geheime | 6.4.13 SESSIE 12: GEHEIME |
| • Om iemand te vertel | 6.4.6 SESSIE 5: EK IS VEILIG<br>6.4.13 SESSIE 12: GEHEIME |

### 6.4.2 Sessie 1: Algemene assessering

Tydens Sessie 1 word 'n algemene assessering van die kind gedoen. Hierdie assessering vind plaas deur middel van verskillende assesseringstegnieke soos deur Potgieter (1993) beskryf. Die doel van die assessering is om 'n verhouding met die kind te bou asook om 'n oorsigtelike beeld van die kind se ontwikkeling met betrekking tot die volgende areas te verkry:

- Kognitiewe ontwikkeling
- Emosionele ontwikkeling
- Sosiale ontwikkeling en portuurgroepinskakeling
- Persoonlikheidsontwikkeling
- Selfkonsep
- Skoolaanpassing
- Die aanwesigheid van moontlike trauma
- Verhouding met gesinslede en betekenisvolle persone

### 6.4.3 Sessie 2: Trauma-assessering

'n Voorvereiste vir hierdie navorsing is dat die kind voor die aanvang van die intervensie reeds 'n verklaring van die seksuele misbruik gemaak het. 'n Trauma-assessering vind plaas met die spesifieke doel om die aard en impak van die seksuele misbruik op die kind vas te stel. Tydens hierdie assessering word 'n verskeidenheid stimuli gebruik en die kind se reaksie daarop, gedokumenteer. Sien Potgieter (1996:203-220) vir 'n omskrywing van hierdie assessering.

Nie al die assesseringsmetodes soos deur Potgieter (1996:203-220) omskryf, word tydens die trauma-assessering benut nie aangesien die navorser van mening is dat dit dikwels in die kind se belang is om met verloop van tyd die besonderhede van die seksuele misbruik te onthul en nie alles in een assessering nie. Tydens die assessering vind ongestruktureerde spel plaas, word 'n legkaart saam met die kind gebou, word krabbels (liggaamsdele wat versteek is) aan die kind vertoon, word die kind versoek om 'n prent te teken, teken die terapeut saam met die kind sy ideale huis of fantasiehuis, word selfprojeksie prente aan die kind vertoon en word die kind oor verskillende vorme van aanraking ondervra (sistematiese aanrakingseksplorasie). Daar word ondersoek ingestel na die kind se benoeming van die verskillende liggaamsdele en genitalieë asook sy belewenis van verskillende vorme van aanraking. Daar word veral gelet op die temas van die kind se spel en die kind se emosionele reaksie op 'n verskeidenheid stimuli.

### 6.4.4 Sessie 3 : Beplanning en meting

#### 6.4.4.1 Doelwitte

Die doelwitte van hierdie sessie kan soos volg opgesom word:

- Die kind moet na afloop van die sessie in staat wees om te verduidelik waarom terapie noodsaaklik is en wat dit gaan behels.

- ‘n Geleentheid word aan die kind gebied om aan te dui wat hy graag tydens die terapie wil doen.
- Die kind onderteken ‘n toestemmingsbrief.
- Meting vind volgens die Kinderfunksionering Inventaris plaas.
- Daar word in gesprek met die huismoeder getree waartydens haar rol in die terapeutiese proses aan haar verduidelik word.

#### 6.4.4.2 Verloop van sessie

- **Wat is terapie?**

Die boek “A Terrible Thing Happened” (Homes, 2000) word gebruik om aan die kind te verduidelik waarom terapie nodig is en wat dit behels. Die verband tussen trauma en simptome word ook uitgewys. Die verhaal word aan die hand van die prente aan die kind vertel, waarna dit bespreek word. Daar word verduidelik dat daar slegte dinge met die kind gebeur het, net soos met die karakter in die verhaal. Die terapeut verduidelik dat die kind nodig het om oor hierdie slegte dinge te praat sodat dit met hom beter kan gaan. Die terapeut noem dat hulle gaan gesels, speel, teken en werk en vra aan die kind of daar iets is wat hy graag wil doen of speel tydens die terapie.

- **‘n Rugsak op my rug**

‘n Metafoor van ‘n sak met klippe word gebruik om te illustreer waarom terapie nodig is. Die kind word versoek om ‘n rugsak gevul met klippe rond te dra terwyl daar om die huis of lokaal gestap word. Daar word aan die kind gevra hoe dit voel om die sak rond te dra en of rondhardloop en speel met so ‘n vrag lekker is. Die terapeut verduidelik dat daar soms slegte dinge gebeur wat soos swaar klippe in ‘n mens se rugsak is en wat maak dat ‘n mens moeilik deur die lewe gaan. Net soos die sak met klippe die kind beperk om te speel en te hardloop, beïnvloed slegte gebeure ook die kind se vermoë om die lewe te geniet. Die doel van die terapie is dus om die kind se klippe uit sy

sak te haal. Om dit reg te kry, gaan die terapeut en die kind oor die seksuele misbruik praat, sodat die kind kan beter voel.

- **Toestemmingsbrief**

Die toestemmingsbrief (Bylae C) word met die kind bespreek en hy word versoek om dit te teken. Daar word aan die kind verduidelik dat die terapeut konfidensialiteit sal handhaaf. Die kind se toestemming moet eers verkry word alvorens die terapeut enige inligting van die kind aan iemand anders mag oordra. Die terapeut noem dat sy wel die kind se huismoeder, maatskaplike werker en onderwyser gaan nader om inligting aangaande die kind te bekom.

- **Invul van meetinstrument**

‘n Meetinstrument, die Kinderfunksionering Inventaris – Junior Primêr (Bylae A) word deur die kind ingevul.

- **Kalender**

‘n Kalender word aan die kind gegee waarop die toekomstige sessies aangedui word.

**6.4.4.3 Kontak met die huismoeder**

Kontak word met die huismoeder gemaak na afloop van die sessie. Die doelwitte vir die huismoeder se betrokkenheid by die terapie word bespreek. Die huismoeder word uitgenooi om enige spesifieke emosionele en of gedragsprobleme wat die kind ervaar, met die terapeut te bespreek.

#### 6.4.4.4 Kontak met ander persone

Met die kind se medewete, goedkeuring en toestemming word kontak gemaak met die betrokke maatskaplike werker, huismoeder en onderwyser om verdere agtergrondsinligting van die kind te verkry.

### 6.4.5 Sessie 4 : Wat is seksuele misbruik?

#### 6.4.5.1 Doelwitte

Die doelwitte vir hierdie sessie behels die volgende:

- Die uitbou van 'n vertrouensverhouding met die kind.
- Die kind moet na afloop van die sessie in staat wees om ten minste vier verskillende vorme van seksuele misbruik te noem.
- Die huismoeder en die kind moet vir huiswerk 'n ontspanningspel speel met die oogmerk dat die kind ten minste twee ontspanningstegnieke bemeester.

#### 6.4.5.2 Verloop van sessie

- **Wat is seksuele misbruik?**

Daar word aan die kind gevra wat die “slegte ding wat met sy lyfie gebeur het” genoem word. Die terapeut verduidelik dat dit ook “molestering” of “seksuele misbruik” genoem word. Hierna word daar aan die kind die geleentheid gegee om te sê wat hy as seksuele misbruik beskou.

- **'n Raai-raai speletjie**

'n Raai-raai speletjie word gespeel waartydens die kind moet raai wat die terapeut vir hom saamgebring het. Die terapeut verduidelik dat leidrade aan die kind gegee gaan word. Die aantal leidrade wat dit die kind neem om 'n

prent van die verrassing in sy kop te vorm, word getel. Die terapeut beskryf die verassing as lekkergoed, sjokolade, in ‘n boksie verpak, rond, klein en met verskillende kleure. Nadat die kind geraai het dat dit “smarties” is, verduidelik die terapeut dat die kind ‘n klomp leidrade nodig het om ‘n prentjie van die “smarties” in sy kop te vorm. Net so het die kind ook inligting (leidrade of kennis) nodig om te verstaan wat met hom gebeur het.

- **Skattejag**

Die terapeut verduidelik dat ‘n skattejag gehou gaan word en dat die antwoorde op die vraag “Wat is seksuele misbruik?” in die kamer versteek is. Altesaam nege antwoorde (in die vorm van woorde en prente) word gesoek waarna die bespreking volg. ‘n Selektief anatomies gedetailleerde tekening word gebruik om aan die kind te wys waar die onderskeie privaatdele van ‘n seun en ‘n dogter is. Die volgende antwoorde word versteek:

- *Seksuele misbruik is wanneer* iemand my vra om my klere uit te trek en na my liggaam (lyfie) kyk op ‘n manier wat my ongemaklik (nie lekker nie) laat voel.
- *Seksuele misbruik is wanneer* iemand aan my privaatdele (boude, borste, vagina of penis) vryf of vat.
- *Seksuele misbruik is wanneer* iemand voor my sy klere uittrek en aan sy eie privaatdele vat.
- *Seksuele misbruik is wanneer* iemand my vra om aan sy/haar privaatdele te vat.
- *Seksuele misbruik is wanneer* iemand aan my foto’s of video’s wys van mense wat seks het.
- *Seksuele misbruik is wanneer* iemand opmerkings maak oor my privaatdele wat my ongemaklik laat voel.
- *Seksuele misbruik is wanneer* iemand foto’s van my neem as ek kaal is.
- *Seksuele misbruik is wanneer* iemand sê ek moet my klere uittrek sodat hy/sy my kan pakgee.

- *Seksuele misbruik is wanneer* iemand my soen op 'n manier wat my ongemaklik laat voel.
- *Seksuele misbruik is wanneer* ander mense voor my seks het.

- **Poppespel**

Die kind en die terapeut hou saam 'n poppespelvertoning waartydens die kind die geleentheid kry om aan 'n karakter te verduidelik wat seksuele misbruik is.

- **Huiswerk**

Die kind en die huisouer word versoek om gedurende die volgende week 'n spel te speel waarin ontspanningstegnieke aan die kind geleer word (Tegniek uit Cohen, Barnes & Rankin, 1995:118).

### 6.4.6 Sessie 5: Ek is veilig

#### 6.4.6.1 Doelwitte

Die doelwitte vir hierdie sessie behels die volgende:

- Die kind moet na afloop van die sessie in staat wees om te kan verduidelik wat veilig en onveilig beteken.
- Die kind en die huismoeder moet in staat wees om handseine te gee waarmee veilige en onveilige situasies aangedui kan word.
- Dit word onder die kind se aandag gebring dat die terapie 'n veilige situasie is waar die terapeut niks sal doen teen die kind se wil nie en konfidentialiteit gehandhaaf word.

### 6.4.6.2 Verloop van sessie

- **Jagertjie**

Tydens die eerste tien minute word jagertjie of "touchers" gespeel waartydens die kind telkens na 'n "den" of veilige ruimte kan vlug waar die kind nie gevang mag word nie. Die kind en die terapeut maak beurte om mekaar te vang.

- **Wat beteken veilig?**

Daar word aan die kind gevra om te veruidelik hoe hy in sy den en buite sy den gevoel het, waarna die begrippe "veilig" en "onveilig" aan die hand van die spel verduidelik word. Veilig word beskryf met die woorde "rustig, nie bang nie, lekker, gemaklik". 'n Voorbeeld van 'n veilige situasie is wanneer die kind saam met iemand wat vir hom lief is, kuier. Onveilig word beskryf met die woorde "onrustig, bang, bedreig, sleg, ongemaklik en kriewelrig". 'n Voorbeeld van 'n onveilige situasie is wanneer iemand aan die kind sê dat hy hom gaan seermaak.

- **Maak 'n lys**

Die kind maak saam met die terapeut 'n lys van veilige plekke (den-plekke) en onveilige plekke (vang-plekke) asook van mense by wie die kind veilig en onveilig voel. Die terapeut eksploreer spesifiek hoe die kind by die oortreder gevoel het. Die terapeut beklemtoon die feit dat die kind veilig is by die terapeut en dat inligting konfidensieël hanteer word.

- **Huiswerk**

Die kind en huismoeder moet saam aan 'n handsein dink wat die kind daaraan sal herinner dat hy veilig is. 'n Handsein word ook geskep wat gebruik kan word wanneer die kind onveilig voel. Dit is die huismoeder se

taak om wanneer die kind hierdie handsein gee, so gou as moontlik met die hom in gesprek te tree en toe te sien dat hy beveilig word.

### 6.4.7 Sessie 6: Die oortreder

#### 6.4.7.1 Doelwitte

Die doelwitte vir hierdie sessie behels die volgende:

- Na afloop van hierdie sessie moet die kind in staat wees om die oortreder te kan beskryf as iemand wat 'n probleem het, wat die wet oortree het en wie se skuld die seksuele misbruik is.
- Die kind kry die geleentheid om emosies wat hy ten opsigte van die oortreder ervaar, te verbaliseer.
- Daar moet aan die kind verduidelik word dat dit normaal is om ambivalente gevoelens jeens die oortreder te ervaar (indien dit waar is van die spesifieke kind).
- Die kind en die huismoeder vul saam 'n "sterkaart" in. Die kind ontvang 'n ster vir elke keer wanneer hy iets gedoen het wat erkenning verdien bv. die kind was vriendelik, het sy kamer opgeruim of tafel na ete afgedek.

#### 6.4.7.2 Verloop van die sessie

- **Spel**

'n Spel van die kind se keuse word gespeel.

- **Wat beteken oortreder*?***

Daar word aan die kind gevra wat 'n persoon genoem word wat kinders seksueel misbruik. Die terapeut verduidelik dat so 'n persoon 'n "oortreder"genoem word wat beteken dat hierdie persoon "'n wet" oortree het deur iets te doen wat "verkeerd" is.

- **Soek die regte antwoord**

Drie plakkate word op die vloer vasgeplak met die woorde "reg", "verkeerd" en "onseker". 'n Klomp stellings wat die oortreder beskryf, word aan die kind gegee. Die kind moet besluit of hierdie stellings waar (reg) of onwaar (verkeerd) is en dit op die gepaste plakkaat plaas. Indien die kind onseker is, kan hy dit op die "onseker" plakkaat neersit. Die plakkate word saam met die kind bespreek. Die kind kan indien hy wil, die stellings op die plakkate vasplak. Die volgende omskrywings word gebied:

'n Oortreder is iemand….

- wat ek kan vertrou/vir wie ek geheime kan vertel
- wat graag persente uitdeel
- wat my veilig laat voel
- wat vriendelik is
- van wie ek hou
- wat my deurmekaar laat voel (lekker en sleg)
- wat my onveilig laat voel
- wat nie die waarheid praat nie
- wat van kinders hou
- wat graag met kinders speel
- wat my laat voel die seksuele misbruik is my skuld
- wat sê ek mag nie vir ander vertel wat hy/sy doen nie
- wat die wet oortree het
- wat 'n probleem het
- wat hulp nodig het
- wat my dreig.

- **'n Prent van die oortreder**

Die kind word versoek om 'n prent van die oortreder te teken. Die kind se persepsie en gevoelens te opsigte van die oortreder word geëksploreer. Die kind kry die geleentheid om enigiets aan die oortreder te sê.

- **Huiswerk**

Die terapeut tree in gesprek met die huismoeder oor die aard van die kind se verantwoordelikhede in die huis en die wyse waarop erkenning aan die kind gebied word. 'n Sterkaart waarop die kind se prestasies aangeteken word, word in die daaropvolgende week voltooi.

### 6.4.8 Sessie 7: Emosies

#### 6.4.8.1 Doelwitte

Die doelwitte wat ten opsigte van hierdie sessie nagestreef word, behels die volgende:

- Die kind moet aan die einde van die sessie in staat wees om die volgende begrippe aan die hand van voorbeelde te verduidelik: kwaad, teleurgesteld, opgewonde, onseker, verbaas, skaam en skuldig. Die kind word aangemoedig om te sê wanneer hy bogenoemde emosies beleef het.
- Die kind kry die geleentheid om aan te dui wie kwaad, teleurgesteld, opgewonde, onseker, verbaas, skaam en skudig gevoel het as gevolg van die seksuele misbruik.
- Die kind en die huismoeder moet tydens die daaropvolgende week 'n lys maak van situasies waartydens die kind hartseer, ongelukkig, kwaad, teleurgesteld, skuldig, seergemaak en skaam gevoel het.

#### 6.4.8.2 Verloop van die sessie

- **Hasie-spring**

'n Hasie-figuur bestaande uit sewe blokke word met bordkryt op die sement geteken. In elke blok word 'n prent van 'n gesig met die onderskeie emosies geplak naamlik kwaad, teleurgesteld, opgewonde, onseker, verbaas, skaam en skuldig.

Die spel behels dat die spelers beurte maak om 'n klip in elkeen van die blokke te gooi en die verskeie emosies te beskryf. Die betrokke emosie kan aan die hand van 'n voorbeeld verduidelik word en die spelers word aangemoedig om te sê wanneer hulle hierdie emosie beleef het. Indien die kind nie in staat is om 'n verduideliking te bied nie, moet die terapeut die kind help. Nadat die eerste speler sy klip gegooi en die emosie beskryf het, spring hy tot by die verste blokke en terug. Die speler mag nie in die blok waar sy klip lê, trap nie, en moet dit in die verbygaan optel. Wanneer die speler klaar gespring het, gooi hy sy klip in die daaropvolgende blok waarna bogenoemde ritueel herhaal word. Indien die speler se klip op 'n lyn beland of uit die blok rol, is dit die ander speler se beurt. Die speler wat eerste sy klip in al die blokke gegooi het, wen. Die reëls van die spel kan aangepas word by die vermoëns van die kind. Die terapeut en die kind kan ook beurtelings hulle klippe in die verskillende blokke gooi, waarna 'n kort bespreking van die emosie volg.

Die volgende verduidelikings kan vir die emosies gebied word:

| | |
|---|---|
| Verbaas: | Ek voel verbaas wanneer ek verwag het om swak te doen in 'n toets en volpunte kry. |
| Opgewonde: | Die aand voor my verjaardag voel ek opgewonde oor die geskenke wat ek gaan kry. |
| Skaam: | Ek voel skaam om voor vreemde mense 'n gedig op te sê. |
| Onseker: | Iemand vra my 'n vraag en ek voel nie seker oor die antwoord nie. |
| Teleurgesteld | Ek het gedink iemand gaan vir my kom kuier en die persoon daag nie op nie. |
| Kwaad | Ek voel kwaad wanneer iemand my geld gesteel het of my speelgoed breek. |
| Skuldig | Ek voel skuldig wanneer juffrou met die klas raas en sê dat ons stout is. |

- **Papierpoppe**

‘n String papierpoppe wat hande vashou, word saam met die kind gemaak. Die kind word versoek om die onderskeie poppe te benoem deur aan hulle die name van betekenisvolle persone te gee. Die kind moet homself en die oortreder hierby insluit. Vra die kind om aan te dui hoe elkeen van hierdie persone as gevolg van die seksuele misbruik voel. Die kind word versoek om aan te dui wie verbaas, onseker, hartseer, kwaad, teleurgesteld, skuldig, skaam en dapper voel. Die begrip “dapper” word aan die kind verduidelik deur te noem dat dit iemand is wat met baie moed in ‘n gevaarlike situasie optree (vgl. HAT, 1979:706). Die kind is dapper aangesien hy genoeg moed het om te vertel dat hy seksueel misbruik is.

- **Huiswerk**

Die kind en die huismoeder moet tydens die daaropvolgende week ‘n lys maak van situasies waartydens die kind hartseer, ongelukkig, kwaad, teleurgesteld, skuldig, seergemaak en skaam gevoel het.

### 6.4.9 Sessie 8: Plysters plak

#### 6.4.9.1 Doelwitte

Die doelwitte vir hierdie sessie behels die volgende:

- Die kind moet gedurende hierdie sessie sy ervaring van die seksuele misbruik met die terapeut deel.
- Die huismoeder stel verskeie fisieke uitdagings aan die kind. Deur die bemeestering van die uitdagings kry die kind die geleentheid om genoegdoening en kontrole met betrekking tot sy eie liggaam te ervaar. ‘n Geleentheid word ook vir die huismoeder geskep om aan die kind erkenning te gee.

#### 6.4.9.2 Verloop van sessie

- **Liggaamsaftrek**

‘n Aftrek van die kind se liggaam word op papier gemaak waarna die kind kan help om sy gesig, liggaamsdele en klere in te teken. Tydens die tekening beklemtoon die terapeut die uniekheid van die kind se liggaam en word daar op die kind se belewenis van sy eie liggaam gefokus. Die kind word versoek om plysters te plak op al die plekke waar hy seergekry het as gevolg van die seksuele misbruik.

- **Selektief anatomies gedetailleerde tekeninge**

Indien dit vir die kind te bedreigend is om op die liggaamsaftrek aan te dui watter van sy liggaamsdele betrokke was by die seksuele misbruik, kan ‘n selektief anatomies gedetailleerde tekening aan die kind gegee word. ‘n Selektief anatomies gedetailleerde tekening van die oortreder word aan die kind gegee met behulp waarvan die kind kan aantoon hoe en met watter liggaamsdele die oortreder hom seksueel misbruik het. Tydens die gesprek word aandag geskenk aan die kind se sensoriese belewenisse en denkprosesse ten tye van die seksuele misbruik.

- **Spel**

Die sessie word afgesluit deur ‘n spel soos sokker of krieket te speel.

- **Huiswerk**

Die huismoeder word versoek om verskeie uitdagings, wat binne die kind se vermoë behoort te wees, aan die kind te stel. Wanneer die kind suksesvol aan die uitdagings beantwoord, kry hy die geleentheid om genoegdoening en kontrole met betrekking tot sy eie liggaam te ervaar. Die kind en die

huismoeder moet aan die terapeut terugvoering gee aangaande die kind se prestasie. Die kind word uitgedaag om die volgende te doen:

- tien sekondes op linkerbeen staan;
- vinnig agteruit hardloop terwyl ore vasgehou word;
- tien meter op regterbeen spring;
- ‘n vooroor-rol doen;
- op hande staan;
- kruiwa loop;
- asem vir tien sekondes ophou;
- twee meter ver spring;
- vyf opstote vanaf knieë doen;
- tien keer in die ronte draai sonder om om te val.

### 6.4.10 Sessie 9: Herbelewenis in ‘n magsposisie

#### 6.4.10.1 Doelwitte

Die doelwitte vir hierdie sessie behels die volgende:

- Die kind word in ‘n magsposisie teenoor die oortreder gestel.
- Tydens hierdie sessie kry die kind die geleentheid om aggressie en frustrasie wat ten opsigte van die oortreder ervaar word, te verbaliseer of op ‘n fisieke wyse te demonstreer.

#### 6.4.10.2 Verloop van sessie

- **Simulasie**

‘n Sak word aan die kind gegee waarin daar selfone, boeie, tou, kleefband, gordel, rewolwer, hamer, spinnekoppe, sleutels en slange is. Daar word aan die kind verduidelik dat hy enige iets met die oortreder kan doen wat hy wil. ‘n Pop word gebruik om die oortreder voor te stel. Selektief anatomies gedetailleerde poppe kan gebruik word of klere wat opgestop is en soos ‘n pop lyk. Vrae wat aan die kind gevra word tydens sy spel is onder andere wat

hy graag aan die oortreder wil doen, wat hy vir die oortreder wil sê, hoe hy wil hê die oortreder moet voel.

- **Brief aan die oortreder**

Die kind kan 'n brief aan die oortreder skryf of 'n tekening vir die oortreder maak. Die kind kan, indien hy verkies, 'n helper teken om hom te beskerm.

- **Huiswerk**

Die kind en die huisouer herhaal die spel waarin ontspanningstegnieke aan die kind geleer word (Tegniek uit Cohen, Barnes & Rankin, 1995:118) of voltooi huiswerk wat onafgehandel is.

### 6.4.11 Sessie 10: Woede

#### 6.4.11.1 Doelwitte

Die doelwitte van hierdie sessie behels die volgende:

- Die kind moet erken dat hy soms frustrasie en woede ervaar.
- Die kind moet deelneem aan drie metodes waarop hy op 'n gesonde wyse aan sy woede uiting kan gee.
- Die huismoeder en die kind oefen om woede te ontlaai deur elkeen 'n prent te teken van hulle woede of frustrasie en daaroor te gesels.

#### 6.4.11.2 Verloop van sessie

- **Verf kwaad**

Die kind word versoek om sy kwaad te verf waarna ‘n bespreking volg.

- **Balonne**

Die terapeut en die kind ontdek wat hulle alles met balonne kan doen soos om dit te laat “skree” en dit te bars. Die kind en die terapeut teken ‘n gesig wat “kwaad” voel op die balon waarna die terapeut aan die kind verduidelik wat gebeur wanneer die kind sy woede of kwaad binne hou of verkeerd daarop reageer. Die balon kan byvoorbeeld bars wanneer die lug te veel word. Dit gebeur wanneer iemand so kwaad is dat hy ontplof. Hierdie persoon kan ander mense seermaak of dinge breek. Die lug in die ballon kan ook ‘n groot geraas maak wanneer dit op die verkeerde manier uitgelaat word. Dit is wanneer iemand skree of lelike dinge sê. Net soos die ballon saggies kan afblaas, kan die mens ook op die regte manier sy kwaad beter maak. ‘n Mens kan jou frustrasies verlig deur ‘n kussing te boks, om die huis te hardloop, jou voete te stamp, ‘n brief te skryf of ‘n tekening te maak en dan as ‘n mens beter voel, oor die kwaad te praat.

- **Ontlaai van frustrasies**

Die terapeut en die kind oefen om op ‘n gesonde manier van woede en frustrasies te “ontlaai”. Koerante word stukkend geslaan en die terapeut en die kind stamp hulle voete so hart en vinnig as moontlik.

- **Huiswerk**

Die huismoeder en die kind moet oefen om woede te ontlaai deur elkeen ‘n prent te teken van hulle woede of frustrasie en daaroor te gesels. Die kind kan by die geleentheid ook wys hoe hy koerante kan slaan of voete stamp.

### 6.4.12 Sessie 11: My liggaam is spesiaal

#### 6.4.12.1 Doelwitte

Die doelwitte van hierdie sessie behels die volgende:

- Die kind moet teen die einde van die sessie die boodskap kan herhaal dat sy liggaam uniek (anders) en spesiaal is.
- Die kind en die versorger moet saam 'n plakkaat maak waarop staan "Elke deel van my liggaam is spesiaal". Hierdie plakkaat kan opgeplak word waar die kind dit kan sien en so dikwels as moontlik moet die versorger en die kind die boodskap herhaal.

#### 6.4.12.2 Verloop van sessie

- **Liggaamsontdekking**

Tydens hierdie sessie word die kind geweeg, gemeet en sy tande getel. Die kind se tipe hare, haarkleur, neusvorm en oogkleur word aangeteken. Verfafdrukke van die kind se voete word gemaak. Handafdrukke word in klei gemaak wat na afloop van die sessie gebak en later aan die kind gegee word. Die uniekheid van die kind se liggaam word deurentyd beklemtoon asook dat sy liggaam meer gesofistikeerd is as die mees moderne rekenaar. Daar word aan die kind genoem dat elke deel van sy liggaam spesiaal is.

- **Huiswerk**

Die kind en die huismoeder maak saam 'n plakkaat waarop staan "Elke deel van my liggaam is spesiaal". Hierdie plakkaat kan opgeplak word waar die kind dit kan sien en die versorger en die kind moet die boodskap so dikwels as moontlik herhaal.

### 6.4.13 Sessie 12: Geheime

#### 6.4.13.1 Doelwitte

Die doelwitte van hierdie sessie behels die volgende:

- Die kind moet kan verduidelik wat die verskil tussen goeie en slegte geheime is.
- Die kind moet kan verduidelik wat sy liggaamsruimte is en oefen om "nee" te sê wanneer iemand sy liggaamsruimte binnedring.
- Die huismoeder en kind maak saam 'n lys van persone wat die kind vertrou en kan help in 'n geval van nood

#### 6.4.13.2 Verloop van sessie

- **Goeie en slegte geheime**

Bespreek die verskil tussen 'n goeie en 'n slegte geheim. Noem aan die kind dat 'n goeie geheim vir 'n kort rukkie gehou word met die doel om iemand te verras en dat dit 'n mens lekker en opgewonde laat voel. 'n Slegte geheim laat 'n mens gewoonlik sleg, bang of onseker voel. Slegte geheime het gewoonlik slegte gevolge en daarom moet die kind dit aan iemand vertel vir wie hy vertrou. Gee aan die kind voorbeelde van geheime en laat hom die slegte en goeie geheime identifiseer. Die volgende voorbeelde word aan die kind gebied:

- Ek het vir mamma 'n persent gekoop; moenie vertel nie - dit is 'n geheim.
- Ek het 'n valentys kaartjie vir Kobus gestuur; moenie vertel nie - dit is 'n geheim.
- Ons het nie kos om te eet nie; my ouers sê ek moenie vertel nie - dit is 'n geheim.
- Die kinders by die skool slaan my; hulle sê ek moenie vertel nie - dit is 'n geheim.

- Ek het vir die tannie gesê ek gaan by Johan speel, maar ek gaan eintlik fliek toe; moenie vertel nie - dit is ‘n geheim.
- Ek het vir my juffrou gesê ek doen huiswerk, maar eintlik lees ek ‘n boek; moenie vertel nie - dit is ‘n geheim.
- My vriend het ‘n karretjie by die winkel gesteel; moenie vertel nie - dit is ‘n geheim.
- Ek bak ‘n koek vir mamma se verjaardag; moenie vertel nie - dit is ‘n geheim.

- **Vertroue**

Steek sjokolade weg. Noem aan die kind dat hy iets wat in die kamer versteek is, moet vind. Die kind word geblinddoek en die terapeut lei hom na die sjokolade deur middel van instruksies. Verduidelik na afloop van spel wat is vertroue naamlik dat die kind kan weet dat hy veilig is by iemand wat vir hom sal sorg en omgee. Die kind moet saam met die versorger ‘n lys maak van persone wat hy vertrou. Die kind moet raai of hierdie ‘n goeie of ‘n slegte geheim was.

- **Liggaamsruimte**

Verduidelik dat elke mens ‘n liggaamsruimte of “wolkie” om sy liggaam het en dat hierdie “wolkie” soms groot en soms klein is. Hierdie “wolkie” maak dat mense nie teenaan mekaar staan of bo-op mekaar sit nie. Partykeer is mense se “wolkies” groot en soms is dit klein. Sommige mense hou daarvan om naby aan ander mense te staan terwyl ander dit verkies dat daar ‘n groot ruimte tussen hulle en ander mense is. Namate die kind iemand vertrou, kan sy “wolkie” kleiner word terwyl die kind se “wolkie” dikwels groot is by vreemdelinge. Die terapeut kan ter illustrasie aan die kind noem dat die kind aanvanklik ver van die terapeut gesit het en mettertyd nader aan die terapeut beweeg het. Teken saam met die kind ‘n prent waarop die kind sy liggaamsgrense aandui. Die kind kan ook vertel wie naby sy liggaam mag kom en wie ver van sy liggaam af moet bly. Verduidelik aan die kind dat hy

respek moet hê vir ander se liggaamsgrense. Dit beteken dat die kind nie in ‘n ander persoon se “wolkie” mag ingaan sonder dat die ander persoon hom nooi om dit te doen nie.

- **Om “nee” te sê**

Verduidelik aan die kind dat sy liggaam spesiaal is en dat hy sy liggaam moet beskerm teen mense wat hom wil seermaak. Die kind moet “nee” sê vir mense wat nie respek het vir sy liggaamsruimte nie. Wanneer iemand die kind se “wolkie” binnedring en die kind voel ongemaklik, moet die kind “nee” sê. Oefen saam met die kind om hard “nee” te sê. Laat die kind verder oefen om nee te sê deur ‘n speelgoedspinnekop te gebruik wat al nader aan die kind kruip. Die kind moet aan maniere dink om die spinnekop van sy lyf af weg te hou.

- **Aanraking**

Verskillende vorme van lekker en slegte aanraking word bespreek.

- **Huiswerk**

Die huismoeder en kind moet saam ‘n lys maak van persone wat die kind kan help in ‘n geval van nood. Die telefoonnommers van hierdie persone moet neergeskryf en tydens die volgende sessie saamgebring word.

### 6.4.14 Sessie 13: Seksualiteit en afsluiting

#### 6.4.14.1 Doelwit

Die doelwitte van hierdie sessie behels die volgende:

- Aan die einde van die sessie moet die kind in eenvoudige taal kan verduidelik hoe bevrugting plaasvind en babas gebore word.
- Die boodskap moet aan die kind oorgedra word dat seks en seksuele misbruik verskillend is.

- Meting vind volgens die Kinderfunksionering Inventaris plaas.
- ‘n Geskenk word aan die kind gegee en ‘n sertifikaat oorhandig.

#### 6.4.14.2 Verloop van sessie

- **Lees die boek “Waar kom ek vandaan?’**

Die boek “Waar kom ek vandaan?” (Manning & Granström, 1997) word saam met die kind deurgelees en bespreek. Daar word aan die kind gevra of seksuele misbruik en seks dieselfde is. Die terapeut noem dat seks anders is as seksuele misbruik. Die terapeut verduidelik dat seks iets is wat bedoel is om mooi en goed te wees wanneer dit gebeur tussen twee mense wat getroud is en mekaar liefhet.

- **Invul van vraelys**

Die Kinderfunksionering Inventaris word saam met die kind ingevul.

- **Sertifikaat**

‘n Sertifikaat, waarin erkenning verleen word vir die feit dat die kind die terapie voltooi het, word saam met die huismoeder aan die kind oorhandig.

- **Afskeidsgeskenk**

‘n Klein afskeidsgeskenk word aan die kind gegee.

### 6.4.15 Sessie 14: Algemene assessering

Tydens Sessie 14 word ‘n algemene assessering van die kind gedoen. Hierdie assessering vind plaas deur middel van verskillende assesseringstegnieke soos deur Potgieter (1993) beskryf. Die doel van die assessering is om die inligting van hierdie sessie met Sessie 1 te vergelyk.

## 6.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is ‘n gedetailleerde beskrywing van die intervensieprogram gegee. ‘n Uiteensetting van die doelstellings en doelwitte wat tydens die intervensie nagestreef word, is gebied. Die intervensie fokus veral op die kind se verwerking van die trauma sodat die kind toekomsgerig kan lewe. Die bemagtiging en beskerming van die kind teen verdere seksuele misbruik word ook belangrike geag.

In hierdie hoofstuk word daar verwys na die proses wat gevolg word om die kind te begelei ten einde gedagtes, gevoelens en beelde wat met die trauma verband hou, te herroep, te verbaliseer en te prosesseer. ‘n Uiteensetting van die vaardighede en inligting waarop daar gefokus word, is gebied.

Die verloop van die intervensie behels dat daar tydens sessie een ‘n algemene assessering op die kind gedoen word. Hierna vind ‘n verdere assessering plaas met die doel om die impak van die trauma op die kind te bepaal. Tydens sessie drie word die doel van die terapie aan die kind verduidelik en vind beplanning en kontraksluiting plaas. Die begrip seksuele misbruik word tydens sessie vier aan die kind verduidelik en inligting met betrekking tot die verskillende vorme van seksuele misbruik word aan die kind oorgedra. In sessie vyf word daar op die kind se veiligheid gefokus en in sessie ses word daar verduidelik dat die oortreder ‘n persoon is wat die wet oortree het en probleme ervaar. Die kind kry tydens hierdie sessie die geleentheid om sy gevoelens jeens die oortreder te verbaliseer. Sessie sewe spreek die herkenning en benoeming van emosies aan en sessie agt fokus op die kind se belewenis van die seksuele misbruik. Die doelwit van sessie nege is om die kind in ‘n magsposisie teenoor die oortreder te stel. Tydens sessie tien word die kind metodes geleer om op ‘n gesonde wyse aan sy woede uiting te gee. Sessie elf fokus op die uniekheid van die kind se liggaam en sessie twaalf handel oor geheime, vertroulikheid en liggaamsgrense. Seksualiteit word in sessie dertien toegelig en die afsluiting van die terapie

University of Pretoria etd - Britz, L (2003)

vind plaas. Vervolgens word die empiriese bevindinge in Hoofstuk 8 weergegee.